



# *Welkom by REGMERK.co.za*

'n Gratis eBoek

Wiskunde hulpbronne vir leerders, ouers en  
onderwysers (graad 7, 8 en 9)



Saamgestel deur **Lourens Breytenbach**

***"Dit is my passie om leerders te help om Wiskunde te bemeester."***

Hierdie eBoek is heeltemal gratis, en jy mag dit druk,  
aanstuur en kopieer soos jy wil. "Share" dit gerus met  
jou vriende, kollegas en familie.

***Hey ... Almal moet kan somme doen!***

***Vind ons op sosiale netwerke:***



SKAKELS:

*koop premium produkte*

***lourensbreytenbach.com***

***REGMERK.co.za***

***kontakte ons***

# INHOUD



1. Voorwoord
2. Wenke, Reëls en Voorwaardes
3. Hoe “slim” is jy?
4. “Hoe om wiskunde te DOP”!
5. 10 Geheime om 10% meer te kry
6. 10 foute wat ouers maak
7. Skakels na webblaie vir ouers van tieners
8. Leerkaarte, Werkkaarte , Afbakenings en Hersiening
9. Laaste woorde



**REGMERK.co.za**

# 1. Voorwoord

Hierdie eBook is die promosie-weergawe van wat ek hoop 'n reeks van baie unieke, suksesvolle wiskunde leer-programme gaan wees.

Die idee is om leerders makliker te laat leer en om hul opvoeders te help om die vak nader aan die kinders te bring.


**Almal hou van somme maak ... as hulle dit regkry!**




Hierdie eBook is geskryf om onderwysers te inspireer om harder te werk, om ouers te motiveer om meer betrokke te raak by hul kinders se opvoeding en om leerders sover te kry om wiskunde te begin "like". Maar dit alles wentel rondom die kwaliteit van die leermateriaal wat kan leerders uitwerk en leer.

So, kom ons spring aan die werk. Geniet elke bladsy, werkkaart, toets en vraelys. Stel aktief belang in die een vak wat al die deure van alle akademiese en tegniese velde oopmaak ... WISKUNDE!

En onthou, jy hoef nie volpunte te kry nie ....  
Werk baie hard om **JOU** beste punte te verdien.



**Vind ons op die Web:**




Ons Webblad:  
[www.regmerk.co.za](http://www.regmerk.co.za)

Kontak ons:  
[info@lourensbleytenbach.com](mailto:info@lourensbleytenbach.com)

## 2. Wenke, Reëls en Voorwaardes

1. Hierdie publikasie en die wenke, advies of aanbevelings wat hier gemaak word is nie op navorsing gegrond nie, maar wel op ervaring. Ek probeer nie hier om wetenskaplik korrek te wees nie. Dis net die skrywer se opinie. Daar is genoeg inligting daar buiten om 'n mens vir 10 jaar te laat lees, en dan sal jy dalk steeds nie die beste raad/metode/oplossing vind nie. Ek is nou besig met myhoneursgraad in onderwysbestuur, en deur al die leeswerk kom ek meer en meer agter dat ons as onnies en ouers (en leerders) uitgelewer is aan iets wat ons "common sense" en "dit wat werk" kan noem. Maar 20 jaar se skoolhou het my tot hier gebring. Jy mag van my verskil.
2. Dis nie my doel met hierdie publikasie om altyd perfekte Afrikaans te gebruik nie. Dis 'n WISKUNDE boek. Vergewe dus asseblief die taalfoute en gemengde/tegniese taal wat ons hier en daar laat deurglip. Solank ons mekaar kan verstaan.
3. Ek het leerder en ouer/voog asook onderwyser as lesers geteiken. So, as ek praat van "jy moet meer leer" of "jou kind moet meer water drink" praat ek met leerder, ouer, voog, oom, tannie, ouma en almal. Maar dan ook met die onderwyser. Ek wil baie graag hê dat hierdie eBoek se basiese feite leerders en opvoeders bereik.
4. Ek waardeer alle terugvoer, voorstelle en bydraes. Kontak ons per e-pos boodskap by [info@regmerk.co.za](mailto:info@regmerk.co.za)
5. Ek opdateer gereeld hierdie eBoek. Laai die nuutste weergawe op **ons webblad** af.



# Reëls en Voorwaardes

Die volgende is 'n reëls en voorwaardes vir die gebruik van hierdie eBoek en ander materiaal op [www.regmerk.co.za](http://www.regmerk.co.za).

- 1) Die leermateriaal, werkkaarte, antwoorde, artikels en inhoud in hierdie eBoek word beskerm deur Kopiereg © Regmerk.co.za & Lourens Breytenbach en mag nie verkoop, herverpak of herdruk word as deel van enige kursus, seminaar, leerplan of enige aanbieding van enige aard onder 'n ander naam nie. Dit mag ook nie gedeeltelik of in geheel deel word van 'n ander diens, produk of publikasie waarvoor betaal word sonder die skrywer se skriftelike toestemming nie.
- 2) Dié eBoek mag egter gratis afgelaai, aangestuur, aanbeveel, ge-“share” of gedruk word vir eie gebruik, en mag vrylik uitgedeel, versprei en aangestuur word solank as wat die kopiereg kennisgewing en naam van die webblad en skrywer duidelik sigbaar bly.
- 3) Enige en al die produkte wat op die webblad [www.regmerk.co.za](http://www.regmerk.co.za) (wat geskep en onderhou word deur Lourens Breytenbach) beskikbaar gemaak word is digitale produkte wat in die vorm van .pdf lêers en/of ander elektroniese formate (bv Youtube Videos) aangebied word. Geen dokumente, produkte of enige leermateriaal word fisies aangelewer of gepos as papierdokumente of ander fisiese produkte nie.
- 4) Geen akademiese resultate word gewaarborg nie. Leerders en ouers moet die skool waar hul kinders onderrig word raadpleeg vir die korrekte sillabus en leerplan-verwante probleme.
- 5) Hierdie projek het jou ondersteuning nodig. Besoek asseblief ons [webblad](http://webblad) om ons ander produkte te bestel, of om 'n donasie te maak.
- 6) Hierdie diens is nie 'n “ekstra klas” besigheid nie, en ons adverteer nie op ons webblad nie. Kontak altyd jou skool en veral jou wiskunde onderwyser as jy hulp nodig het.

**Volgende:**      *Kom ons kyk hoe goed jou basiese wiskunde vaardighede is!*

**LET WEL:** Hierdie is nie die amptelike assesseringstoets vir leerders nie. Dit volg later.

### 3. Hoe “Slim” is JY?

Hierdie is sommer net vir pret.


20 VRAE vir almal wat dink hulle  
ken hulle wiskunde *STUFF*!



Kry ‘n stuk papier en ‘n pen ..... en *let's go!*

Die antwoorde volg na die toets. Lees gerus ook die kommentaar en verduidelikings.

Geen sakrekenaar nie  
Geen FOON of tablet nie  
JY MAG NIE GOOGLE NIE



**HIER GAAN ONS:**

# DIE “SLIM TOETS”:

## Beantwoord die volgende vrae so vinnig as moontlik:

- 1) Wat is  $\frac{1}{2}$  gedeel deur ‘n  $\frac{1}{2}$ ?
- 2) Hoeveel keer kan mens 1200 deur ‘n driekwart deel?
- 3) Verminder R20 met 10%
- 4) My naam is Sipho. Ek is dubbeld so oud soos my nefie. My nefie is helfte so oud soos my Tannie Zin-Zan. Sy is 50 jaar oud. Hoe oud is ek?
- 5) Rond 43,45 af tot die naaste tiende
- 6) Verduidelik Pythagoras se Stelling in een sin

Wenk: **Jy mag dalk hierdie woorde wil gebruik:**

*skuinssy, reghoekige driehoek, aangrensende sye, som, vierkant/kwadraat*

- 7) Waar kom die getal  $\pi$  wat  $\text{PI}$  genoem word ( $= 3,14\dots \approx \frac{22}{7}$ ) vandaan?
- 8) Wat is 200 gedeel deur NUL?
- 9) Tussen watter 2 heelgetalle lê  $\sqrt{50}$ ?
- 10) Jy kry R10 rand vir elke R30 wat ek kry. Ons moet R1600 in hierdie verhouding opdeel. Hoeveel kry jy?
- 11) Is -45 ‘n heelgetal?
- 12) ‘n Duif vlieg vanaf Krugersdorp na Johannesburg. Dit neem die duif 30 minute om daar te kom. Die afstand is 30 km. Wat was die duif se gemiddelde spoed?
- 13) Ek kyk na ‘n padkaart wat ‘n skaal het van 1 : 50 000  
Die afstand van my huis na joune op die kaart is 8 cm.  
Hoeveel kilometer bly ek van jou af?
- 14) Jan en Koos is albei 55kg op ‘n skaal. Jan se gewig is egter nog steeds amper 10 keer soveel soos Koos se massa. Is hierdie stelling **waar of onwaar**?

- 15) Besluit of die volgende stelling waar is of nie:  
Die VSA se Dollar en SA Rand wisselkoers is op 'n gegewe oomblik \$1 = R12.50. My EEN RAND is dus omtrent 8 Amerikaanse sente werd.
- 16) Hoekom is 3711 deelbaar deur 3 sonder 'n reswaarde?
- 17) Die resiprook van 2 is  $\frac{1}{2}$ . Ja of nee?
- 18) 'n Reghoek se oppervlakte is  $50 \text{ cm}^2$ . Die lengte is dubbeld so lank as die breedte. Wat is die reghoek se breedte?
- 19) Die Gautrein arriveer om 12:47 by OR Tambo Lughawe. Dit het om 10:55 uit Hatfield vertrek. Hoeveel minute het die reis geneem?
- 20) Jack en Ally verkoop sondaie die koerant. Ally verkoop R50 se koerante meer as Jack. Altwee saam verdien R250. Hoeveel verdien elkeen?

#### EINDE VAN DIE TOETS



***Blaai om vir die antwoorde en bespreking***

# DIE “SLIM TOETS”:

## ANTWOORDE

Kom ons kyk of jy reg was!



- 1) Wat is  $\frac{1}{2}$  gedeel deur ‘n  $\frac{1}{2}$ ?

**Dis EEN!**

*Kommentaar: Vra vir enige-iemand wat  $10 \div 10$  en hulle sê 1. Vra weer die vraag en sê wat is  $2000 \div 2000$  ... en die antwoord is EEN. Hoekom huiver partymense dan as jy sê:  $\frac{1}{2} \div \frac{1}{2}$ ?*

*Ons vergeet dat “maal” die herhaling van optel beteken ... en dat “deel” herhaalde aftrek beteken.*

*So, hoeveel keer kan mens  $\frac{1}{2}$  van  $\frac{1}{2}$  aftrek? ..... Net een keer*

- 2) Hoeveel keer kan mens 1200 deur ‘n driekwart deel?

**1600**

- 3) Verminder R20 met 10%

**R18.00**

*10% van enige getal word maklik gekry deur “n nul weg te vat” of om “die komma een plek links te skuif”. (Eintlik staan die desimale komma stil en skuif die getal een plek regs!) Dus is 10% van R20 = R2. Trek dit af en jy kry R18.00.*

*Op die sakrekenaar maal mens sommer net met 0.9!*

- 4) My naam is Sipho. Ek is dubbeld so oud soos my nefie. My nefie is helfte so oud soos my Tannie Zin-Zan. Sy is 50 jaar oud. Hoe oud is ek? **Sipho is 50**
- 5) Rond 43,45 af tot die naaste tiende **43,5**

- 6) Verduidelik Pythagoras se Stelling in een sin

**Die vierkant op die skuinssy van 'n reghoekige driehoek is gelyk aan die som van die vierkante op die twee aangrensende sye. Bv.  $25 = 16 + 9$**

- 7) Waar kom die getal  $\pi$  wat **PI** genoem word ( $= 3,14\dots \approx \frac{22}{7}$ ) vandaan?

**Die getal  $\pi$  of dan *Pi* is die irrasionale getal  $3,14 \dots$  wat 'n mens kry as jy ENIGE sirkel se omtrek deur daardie selfde sirkel se deursnee deel.**

- 8) Wat is 200 gedeel deur NUL?

**Die antwoord is ONGEDEFINIEERD (Nie NUL NIE!) NOU mag jy Google!**

- 9) Tussen watter 2 heelgetalle lê  $\sqrt{50}$ ?

**Tussen 7 en 8 (dink aan 49 en 64 se wortels)**

- 10) Jy kry R10 rand vir elke R30 wat ek kry. Ons moet R1600 in hierdie verhouding opdeel. Hoeveel kry jy?

**Jy kry R400 en ek kry R1200 want die verhouding is 1 : 3 (Een tot drie)  
R1600 moet in 4 dele verdeel word, en jy kry 1 van daardie dele, en ek kry 3 dele.**

- 11) Is -45 'n heelgetal?

**Ja dit is. Alle negatiewe getalle deelbaar deur 1 sonder 'n reswaarde is heelgetalle**

- 12) 'n Duif vlieg vanaf Krugersdorp na Johannesburg. Dit neem die duif 30 minute om daar te kom. Die afstand is 30 km. Wat was die duif se gemiddelde spoed?

**Die spoed is 60 km/h      Want      Spoed = afstand ÷ tyd      Maar 30 min = halfuur**

**Dus is Spoed =  $30 \div \frac{1}{2} = 30 \times 2 = 60$**

- 13) Ek kyk na 'n padkaart wat 'n skaal het van 1 : 50 000  
Die afstand van my huis na joune op die kaart is 8 cm.  
Hoeveel kilometer bly ek van jou af?

$$8 \times 50\,000 \text{ cm} = 400\,000 \text{ cm} = 4000 \text{ meter} = \mathbf{4\text{km}}$$

- 14) Jan en Koos is albei 55kg op 'n skaal. Jan se gewig is egter nog steeds amper 10 keer soveel soos Koos se massa. Is hierdie stelling **waar of onwaar**?

**WAAR: Gewig word in Newton gemeet en massa in kg. Elke 1kg massa is = ongeveer 10 N**

**Jou gewig op die maan sal anders wees as dié op aarde, maar jou massa bly dieselfde**

- 15) Besluit of die volgende stelling waar is of nie:  
Die VSA se Dollar en SA Rand wisselkoers is op 'n gegewe oomblik \$1 = R12.50 My EEN RAND is dus omstreng 8 Amerikaanse sente werd.

**WAAR**       $1 \div 12,50 = 0,08$

- 16) Hoekom is 3711 deelbaar deur 3 sonder 'n reswaarde?

**Die som van die syfers is 'n veelvoud van 3:**

**As dit gebeur MOET die getal deelbaar deur 3 wees, sonder 'n reswaarde**

$$3 + 7 + 1 + 1 = 12$$

- 17) Die resiprook van 2 is  $\frac{1}{2}$ . Ja of nee?

**Ja ... dis die "omgekeerde"**

- 18) 'n Reghoek se oppervlakte is  $50 \text{ cm}^2$ . Die lengte is dubbeld so lank as die breedte. Wat is die reghoek se breedte?

**Die breedte is 5cm**

Teken 'n skets. Die breedte is  $x$  en maak die lengte =  $2x$

Dan is lengte  $\times$  breedte =  $x \times 2x = 50$

So  $x^2 = 25$  ... en dus is  $x = 5$

- 19) Die Gautrein arriveer om 12:47 by OR Tambo Lughawe. Dit het om 10:55 uit Hatfield vertrek. Hoeveel minute het die reis geneem?

**112 minute**

- 20) Jack en Ally verkoop sondaie die koerant. Ally verkoop R50 se koerante meer as Jack. Altwee saam verdien R250. Hoeveel verdien elkeen?

**Jack verkoop R100 en Ally R150**

Laat Jack  $x$  wees en Ally  $x + 50$ . Dan is  $x + x + 50 = 250$  (vergelyking)

## **SO, HOEVEEL HET JY UIT 20 GEKRY?**

Die doel van hierdie "TOETS" was om jou te laat dink oor hoe verrykend wiskunde in ons lewens is. Syfervaardighede is oral nodig.



**Volgende: "Hoe om wiskunde te dop!"**

## 4. "Hoe om wiskunde te DOP"

### **Handleiding vir dommies ... 'n gids vir "leerders"**

Ja, dis reg, as jy glad nie lus voel om wiskunde deur te kom nie, en jy wil nie aanbeweeg na die volgende graad nie, hier is **TIEN maklike (foolproof!) stappe** wat elke **ex-wenner** moet neem om sy/haar wiskunde punte baie vinnig nader aan nul te bring:

#### **1. Moenie klas bywoon nie**

Kyk, jy't beter dinge om te doen as klas toe gaan, reg? Komaan - moenie dat skool met jou sosiale lewe inmeng nie!

Bank sommer vandag nog jou volgende wiskunde klas. Jy sal so lekker stoute gevoel kry en baie "hard core" en "tuff" voel. Die "cool" kids sit buite en ontspan, of vat gereeld 'n lang breek tydens die belangrikste deel van die les. Hoekom nie? Dis lekker om nie te weet wat aangaan nie ....

**EVERYTHING HAPPENS  
FOR A REASON.  
BUT SOMETIMES THE  
REASON IS THAT  
YOU'RE STUPID AND  
YOU MAKE BAD DECISIONS.**

#### **2. Wees laat**

As jy nou wel rêrig voel jy **moet** klas bywoon, wees dan ten minste 10 minute laat, okay! Net **geeks** (wat nie vriende het nie) is betyds. En as jy laat in die klas instap, maak seker jy lag vir 'n grappie, en vermy oogkontak met die onderwyser wat jy nou-net woedend gemaak het. In die proses stop hy/sy gewoonlik die les en gee dan spesiale aandag aan jou en jou tjommies - dit maak jou nog cooler!

#### **3. Los jou boeke by die huis**

**I'm like 25% funny &  
85% bad at math.**

Weereens - moenie stupid wees nie ... net weirdo's dra hulle boeke heeldag saam met hulle. Wat jy wil doen om cool te wees is om te jok en te sê jy het jou boeke "vergeet". Dit maak die onnie ook lekker kwaad en veroorsaak daai "buzz" van ontwrigting waarvan al die ander cool kids hou. En behalwe dit - moenie vir my sê jy het jou skryfbehoeftes saamgebring skool toe nie! Nee man - kom reg! Wat jy doen is jy LEEN ander leerders se stuff. Maar net as die onnie daarop aandring.

## **4. Praat terwyl jou onderwyser verduidelik**

Dis die nommer EEN metode hoe ex-wenners hulle punte nog altyd weggooi. Die idee hier is om nie aandag te gee nie. Jy wil huis die mense om jou irriteer of gou iets vir die ou voor of agter jou sê. Die beste tyd om met iemand te praat is wanneer die onnie sy/haar rug na die klas toe draai om op die bord te skryf. Go for it - dis baie pret!

## **5. Hou jou foon byderhand**

Is dit nie awesome om gou 'n text te stuur of om gou jou status te "update" tydens 'n les nie? Dit gee jou daai "ek sal doen wat ek wil" gevoel wat jy net kan kry as jy veronderstel is om op te let. Hou jou foon onder die tafel, want dan kan jou onderwyser glad nie sien dat jy besig is op jou foon nie. En giggel vir grappies op jou foon - niemand sal agter kom dat jy nie aandag gee nie. Hulle sal dink jy geniet die les!



## **6. Moenie notas maak nie**

Baie kundiges beweer dat jy meer leer as jy notas maak terwyl die onderwyser verduidelik. Hulle is verkeerd! Hoe kan mens oplet as jy besig is om te skryf? Duh!

Almal weet mens moet EERS oplet (as jy lus is), en dan bly die onderwyser stil sodat jy kan afskryf (as jy lus is). Dit sal dan vir jou kans gee om te ontspan en gou jou foon te tjek. En onthou - jou boeke en skryfgoed is by die huis.

Moenie NOU 'n verantwoordelikheids-aanval kry nie.

Relax!

Dear Mrs Smith,  
Please excuse  
Andy from school  
today. Monsters  
ate his homework.  
And his face.  
Andy's Mom.

## 7. Skryf huiswerk af

Hierdie is belangrik as jy onder wil uitkom. Maak pelle met 'n cute slimkop in jou klas enleen sy/haar boek om in te haal. Die ding is ... hy/sy het in elke geval dit netjieser en meer volledig as wat jou ooit sou gedoen. En nou leer jy sommer ook terwyl jy inhaal. 'n Mens verstaan die werk altyd beter as jy dit self afskryf.

## 8. Moenie vrae vra of ekstra klasse bywoon nie

Hierdie een hoef ek nie te verduidelik nie. Jy's besig!  
Jy het nie tyd om met jou onnie te *chat* oor belaglike  
goed soos algebra of meetkunde nie. En in elk geval ...  
Juffrou het gesê jy moenie irriterend en lastig wees nie.  
So ...

I'm an  
Engeneer  
Enginere  
Engenere  
I'm good  
with math

## 9. Raak ontslae van jou werkkaarte

Enige afgerolde werkkaarte, afbakenings of opsommings wat jou onderwyser vir jou uitdeel moet verkieslik dadelik op die grond beland, of iewers tussen die klas en jou huis verdwyn. Cool mense het nie oefenboeke vol netjies-ingepakte werkkaarte nie. Smyt dit weg en maak jou tas lichter.


study  
*(verb)*

The act of texting, eating  
and watching TV with an  
open textbook nearby.

## 10. Toetse en eksamens is 'n GRAP!

Jy weet hulle sit die kinders aan die einde van die jaar deur, reg? En as jy wiskunde in graad 10 of 11 druipt dan kan jy altyd oorskou na geletterdheid toe. So, hoekom jouself deur daai stress van leer sit? **Weereens** - relax en kyk liewer TV die aand voor 'n toets. Alles gaan okay wees. Dis hoe die lewe werk - alles sal vanself regkom!

**En as jy al tien hierdie stappe pligsgetrou volg sal  
jy hierdie awesome sertifikaat ontvang ...**




**En nou ... kom ons raak ERNSTIG  
en leer hoe om Toets te skryf ...**

## 5. 10 Geheime om MEER punte vir jou volgende toets te kry

Dis nie altyd lekker om toets te skryf nie! 'n Mens voel gespanne ... selfs bang en jy weet nie wat om te verwag nie. Dis normaal! Maar baie leerders gooи punte weg deur die basiese dinge van toetsskryf te vergeet.

**Die volgende 10 stappe** sal jou toelaat om tot 10% meer vir jou volgende vraestel te kry.

**Leer hierdie stappe soos wat jy jou tafels moet ken ... en kyk hoe rol die punte in!**



**Die volgende 10 wenke geld vir alle toetse, vraestelle, opdragte ... eintlik alle assesserings wat jy van nou af aanpak:**

### 1) Sit jou pen neer   *Gebruik leestyd ... om te lees ... nie om te rus rus op jou arms nie!*

Jou brein wil 'n oorsig hê van die vroeи wat dit moet beantwoord. Gee dit kans om dinge uit te kyk en in die agtergrond (voordat jy begin skryf) die inligting en vroeи in orde te plaas van belangrikheid.

Lees (sonder 'n pen in jou hand) deur die toets. Moenie bang wees dat jy gaan vergeet wat die regte antwoorde is as jy dit sien nie. Om die waarheid te sê, jy sal NOG MEER punte kry want terwyl jy lees, dink jou brein aan al die stappe!

### 2) Maak seker jy het al jou toerusting en skryfbehoeftes   *Leerders wat die oggend voor die toets na Juffrou toe hardloop om 'n sakrekenaar teleen is nie ernstig oor hulle toekoms nie!*

As jy 'n werktuigkundige (mechanic) besoek en hy sê dat hy jou baie graag wil help, maar hy't nie die regte moersleutel (spanner!) nie ... sal jy hom vertrou om aan jou kar te werk? Nee!

Net so moet jy as ernstige student jou skryfbehoeftes en toerusting reg hê voordat jy skryf.

Moenie dink hierdie is net 'n "ding" wat almal "weet" nie – jy sal definitief beter punte verdien as jy rustig en voorbereid in die toetslokaal instap. Dis soos om 'n veiligheidsgordel te dra – dit verminder nie die hoeveelheid idiote wat in jou wil vasry nie – dit help jou net om hulle voor die tyd raak te sien!

**3) Gaan toilet toe ... en drink water**      *Jy kannie bekostig om tydens 'n wiskunde toets te gaan piepie nie, maar jy is ook dors ... drink water voor die toets.*

Dit klink soos 'n teenstrydigheid. Maar dit is nie. As jy 'n draai gaan loop voor 'n toets sal jou blaas OKAY wees vir ten minste 'n uur. Maar terselfdertyd wil jy nie gedehidreerd (dors) wees nie. Drink water nadat jy badkamer toe was!

Ek vra gereeld vir my leerders wie van hulle hoofpyn het. Dit gebeur dan ook gereeld dat helfte van hulle hulle hande opsteek. Die rede hiervoor is gewoonlik de-hidrasie of gebrek aan ontbyt. Jy MOET eet voor jy gaan toetsskryf. En jy moet WATER drink voor die tyd. Jou brein het vog nodig om te kan werk.

**4) Lees die vraag ten minste 3 keer**

***Jou verstand ... verstaan nie die altyd die eerste keer as dit 'n probleem sien nie***

Hoekom jaag jy deur die toets? Is dit omdat jy gou wil klaarkry en dan kan ontspan (soos skottelgoed was) ... of is jy onderbewustelik bang dat jy nie gaan klaarkry nie?

Die feit van die saak is jy skryf teen jou eie spoed. As jy 'n lees- of skryfprobleem het is dit 'n ander saak, maar 'n normale kind het genoeg tyd vir 'n normale toets. Dit beteken jy behoort klaar te maak as jy geleer het en jou somme by die huis geoefen het. Vat jou tyd.

Dink daarvan soos om 'n bom te ontlont – jy gaan nie haastig wees nie! Lees die instruksies, verstaan wat die eksaminator wil weet. Gebruik jou tyd.

**5) Rond reg af**      “Ek wil die sente sien”

Rond gou 203,456 af tot die naaste honderdste. Weet jy wat dit beteken?

As dit geld is, kan jy R203,456 afrond? Tot die naaste sent? Dan word dit **R203, 47**  
(Die 6 is ‘n duisendste ... dis amper EEN honderdste ... EEN sent)

As jy nie seker is hoe jy moet afrond nie, gaan lees weer die instruksies op die eerste bladsy van jou vraestel. Of lees weer die vraag.

**6) Jou onderwyser kannie jou gedagtes lees nie**

Leerders wat baie goeie punte in wiskunde kry weet:      **“Dink voor jy ink”**

**Dit beteken:**

- Sê WAT JY UITWERK
- WYS ALLE STAPPE
- WYS VIR die merker HOE jy die antwoord kry

**7) Moenie irriterend wees nie**

*Geen briefies, prentjies, pyle na ander somme ... of gebede nie!*

Baie leerders verloor punte omdat hulle die merker, wat om 12uur in die nag sit en soek vir regte antwoorde, frustreer en irriteer met boodskappies. Dis gewoonlik dankies, assebliewe, gebede en seënwense, pleidooie ... pyle na ander somme en dergelike euwels!

**Moenie!**      Doen die som of laat ‘n oop spasie langs die vraagnommer. Asseblief.

**Leerders wat presteer het nie tyd vir nie prentjies teken wanneer hulle toetsskryf nie.**

**8) EENHEDE!**      “My kar ry teen 10 gram per vierkante myl in een liter”

As jou eenhede van meting (ml, km, uur, min, cm, ....) nie gegee word wanneer jy jou antwoord neerskryf nie, **verloor** jy outomaties ten minste een punt. Hierdie probleem kan leerders se punte met soveel soos 5% afbring.

**9) Lees jou toets weer deur!**      “*Ek het stupid foute gemaak, Meneer!*”

Hoeveel keer het ek dit nie al gehoor nie? Dit gaan hier oor die laaste paar minute van jou toets. Moenie nou gaan lê en skielik moeg wees omdat jy tot 12uur gistraand op jou foon besig was nie!

Dis toetstyd en jy moet jou vraestel DEURKYK. Kyk vir foute, maak seker jy het reg genommer. Vul daai laaste eenhede en korrekte afronding in. Maak seker jy het die hele toets beantwoord. Blaai alles van voor af deur en skryf jou naam en klas op elke bladsy.

**10) Wees lastig!**      *Ekstra klasse hoef nie geld te kos nie*

Jy is geregtig op jou onderwyser se ekstra tyd na skool sonder dat jy daarvoor hoef te betaal. By my skool moet ons as onderwysers ten minste 1 middag per week beskikbaar wees vir hulp aan leerders. Al is jou onnie “super besig” ... jy mag (en moet) vra vir ekstra hulp as jy dit nodig het. Al is dit net 10 minute voor die sport begin. Vermy liewer pouses en onnies se “af” periodes. Vra egter vir memorandums van toetse. Vra vir ekstra oefeninge. Vra vir ou toetse. Leer uit jou foute. As jy byvoorbeeld sukkel met algebra, doen ekstra oefeninge en vind uit waar jou foute is. Die oomblik as jy ‘n fout raaksien, en regmaak, sal jy gewoonlik nooit weer dieselfde ding verkeerd doen nie!

Die geheim van sukses is ... moenie jou onnie se tyd mors nie. Vra vir die ekstra werk en gaan sit dan en doen elke som so goed soos jy kan. Merk probleemvrae en as jy dan in die middae opdaag met vroe, neem dit baie minder tyd om jou te help. Wees voorbereid en doen jou werk.

***Hierdie 10 stappe sal jou help om daai “verlore punte” weer op te spoor! Baie sterkte en onthou ... JY moet die werk doen. Jy moet die toets gaan skryf. Wees voorbereid.***

**As jy hierdie 10 stappe deurlopend uitvoer en  
hard werk ... dan kry jy hierdie soort van  
sertifikaat:**



*Volgende ....*      **10 Dinge wat ouers verkeerd doen**

## 6. 10 dinge wat ouers verkeerd doen

Oscar Wilde het gesê, “*The best way to make children good is to make them happy.*”

Hierdie stelling is baie waar, maar ouers verwarring soms “gelukkig” met “reg” ... ek voel dat jy nie ‘n populêre ouer hoef te wees om ‘n goeie een te wees nie.

Pa en Ma (enige persoon wat die voogrol speel) weet nie altyd wat om te doen om ‘n leerder te help presteer/deurkom nie. Dalk is jy ‘n leerder en jou ouers het dalk self nie so goed gedoen op skool nie, maar dit verander nie die feit dat hulle wil hê dat **JY** goed moet doen in wiskunde nie.

Of dalk was Pa/Ma was ‘n “genius” en nou sit hy/sy druk op jou om net so goed te doen, maar al wat jy wil doen is slaag. Elke kind, en elke ouer van daardie kind is uniek. Ons wil die beste vir ons kinders hê.

### **Maar daar is klassieke foute wat ouers maak ...**

#### **1. Aanhoudende “Op-tjekkery”**

Die nommer EEN ding wat ‘n ouer kan doen om sy/haar kind weg te stoot of woedend kwaad te maak ... is om te veel te “check” op hom/haar. Jou tiener-“leerder” wil meesal alleen gelaat word. Die idee van vryheid is massief vir hulle.

#### ***Moenie ...***

- Altyd toelaat dat jou kind in die woon-/eetkamer saam met die hele gesin of voor die TV probeer huiswerk doen nie. Ook nie op sy/haar bed nie. ‘n Lessenaar werk beste.
- Elke tien minute by sy slaapkamer verbyloop nie.
- Heeltyd vra of als ok is of “wat maak jy” nie.
- Te veel eet-/drinkgoed ongevraagd aandra nie (tieners wil die yskas self oopruik).
- Vra wie bel of met wie *gechat* word nie. Foontye en rekenaartye moet vasgestel word.
- Aanhoudend hulp aanbied of probeer slim wees nie. Help net as gevra word.
- Die kind forseer om te eet of om by die tafel te sit nie. Sit die kos in die “lou-oond”.
- ‘n TV in die kamer toelaat nie. En die “X-Box” is af tydens studietye.

## Voorstelle:

- Moenie kwaad word nie. Gevolge is gevolge. As hy 'n toets gedop het neem die foon/laptop/tablet af te neem tot die punte verbeter. Sonder besprekings of bekgevegte. Hy het mos geweet wat sal gebeur. En dis vir sy eie beswil.
- Verwag dat sy 'n paar keer per week op vasgestelde tye waarop julle saambesluit vir jou hul boeke uitpak en skoolwerk toon. Pak die boeke op die bed/tafel uit en blaai deur.
- Die kamerdeur oophou tydens sekere ure (vanaf 6 tot 9)
- Koop goeie skryfbehoeftes (begin met die nuutste Casio sakrekenaar)  
Dink aan highlighters, ekstra penne, liniaal, ekstra potlode, lekker groot skêr en gom ...

## 2. Hope boeke en gidse

Meeste "studiegidse" is gewoonlik 'n oorweldigende versameling vraestelle en massas werk wat nie altyd noodwendig toepaslik is nie. Dis omslagtig, te klein gedruk en probeer om te veel somme op een eenheid in te pas.

Leerders kan werklikwaar nie sulke gidse deurwerk nie. As hy wel die gids wil/moet gebruik, laat sy onderwyser afmerk wat belangrik is vir daardie kwartaal. En maak seker dat die onnie die gedoende oefeninge merk en help met foute.

## 3. Lang studie-ure

'n Graad 7 tot 9 leerder moet niks meer as 2 tot 3 ure huiswerk/leerwerk per dag by die huis doen nie. Dit sluit alle vakke in. Enige-iets meer as dit (veral vir aktiewe leerders wat sport en ander kulturele aktiwiteite het) veroorsaak dat hy/sy gedemotiveerd en negatief word.

Leerders **maak** dan asof hulle werk en begin huiswerk en leerwerk haat.

En leertyd moet pauses tussen-in hê van 15 minute. Dan moet hy uit die kamer kom en verkieslik buite met die hond gaan speel, of gaan bad of iets. Dis NIE foontyd en rekenaartyd nie. Die idee is dat die brein ophou dink/lees en die oë rus.

## 4. Ekstra klasse

**Ekstra klasse werk nie altyd nie.** Die Tannie/Oom het gewoonlik geen idee oor die werklike klaswerk waarmee die kind sukkel nie.

Hier is 'n paar beginsels wat in ag geneem moet word:

- Krisis-bestuur is UIT! Die kind moet heeljaar self werk en leer.
- Onderwysers is baie besig – maak 'n afspraak en sê waaroor dit gaan per e-pos. Moet asseblief nie sommer net by die skool opdaag en dadelik verwag dat die onderwyser kantoor toe moet kom nie.
- Weet die kind se onderwyser van die buite klasse? Dis goeie maniere om toestemming te vra. Sê/vra: "Sal Juffrou omgee as ek bietjie ekstra klasse kry?"  
*Vra vir riglyne ... gesels met die vak se departementshoof waar nodig.*
- Moet verkieslik remediërend wees om te help met vorige grade se werk
- Die ekstra klasse mag onder geen omstandighede die klasonderwyser se werk vooruitloop nie. Dit skep 'n baie ongemaklike atmosfeer as **Jannie** skielik al die antwoorde ken want hy het die werk "*gister by die Ekstra-klas Tannie geleer*" ...!
- Moet individueel aangebied word.  
*As daar meer as 3 leerders per sessie is, word daar nie individuele aandag gegee nie – dis 'n geldmaak-besigheid!*
- R150 per uur is die regte bedrag. Niks meer of minder nie. Kontant voor die les.
- Ken jy die man/vrou wat die klasse aanbied baie goed? Vertrou jy hierdie persoon?
- Wag liewer in die kar, nie in die huis waar klasse aangebied word nie.
- Vra die kind se wiskunde onderwyser (by die skool) vir afskrifte van sy/toetse. Stuur 'n pak biltong of blomme saam, want die onnie mag nie eintlik die assessorings huistoe stuur nie, en daar is kopiereg op die vraestelle. As hy/sy nee sê, aanvaar dit so.

## 5. Teleurstelling en kwaadwees

Kinders reageer nie positief wanneer jy as ouer/voog kwaad word of preek oor hoe teleurgesteld jy is in hom/haar nie. Hulle skakel af en bou 'n toenemende weerstand op teenoor enige-iets wat jy sê. Die geheim is om **hulle** te laat praat en doelwitte te stel.

Woedende ouers is oneffektiewe ouers. Maak die reëls en pas vooraf-beslote gevolge vir negatiewe gedrag toe. Neem die foon weg, maar moenie baklie nie – hy/sy het mos geweet dit

gaan gebeur. Vervang liewer daai “koue stiltes” in die kar met oop gesprekke. Roep jou kind tot verantwoordelikheid.

Sarkasme en “spiteful”-wees werk ook nie. Gee regverdige straf en hok jou kind vir ‘n regverdige tydperk.

## 6. Duur toetsing

